


25 APRIL 2021



TORINGKERK

nuus



Ons vier 27 jaar van vryheid in ons
mooi land (27 April, Vryheidsdag)


IS JY NUUT IN DIE GEMEENTE?

BAIE WELKOM!


As jy vir die eerste keer by ons kuier:
BAIE WELKOM!

Ons is 'n klein liefdes-familie-gemeenskap. Kry asb 'n lidmaatskapvorm, kerk kalender en stel jouself voor aan een van die erediens leiers. Ons wil graag kontak maak. Baie welkom by ons!

PROGRAM VAN DIE WEEK



ONS EREDIENSTE IS OOK "LIVE"!



Ons eredienste word ook 'lewendig' uitgesaai vanuit die kerkgebou.

Jy sal reeds voor 9:30 'n skakel van die diens ontvang op Whatsapp vanaf die Toringkerk Selfoon. Die erediens sal eers 9:30 begin, aangesien dit lewendig uitgesaai word.

Kontak vir Jana indien jy nie die inligting van die Toringkerk Selfoon (084 621 2094) ontvang nie.



SCAN BY DIE DEURE!

Ons verwelkom 'n nuwe manier van inteken op Sondae by eredienste. Download die app, BioCerticald op jou slimfoon. Gaan in by die app, scan die kode en tik een keer jou naam en van ens in. As jy 'n volgende keer weer kom, hoef jy net die kode te scan en jou temperatuur in te vul. As jy Sondae opdaag, scan die kode met jou slimfoon en tik slegs jou koors meting in en saniteer jou hande. Geen meer papiere en penne nie. Hierdie kode sal by elkeen van die 3 deure beskikbaar wees.

Indien jy nie hierdie manier verwelkom nie, daar sal penne en papiere steeds beskikbaar wees vir inteken. Baie welkom!

PÊRELKIND

Ons is opgewonde saam met Johan, Zuleka, Heini en Karli Smit met die nuwe beweging wat hulle aanpak! Zuleka se nuwe beweging 'Uit die pen van 'n mamma en juffrou' is 'n wonderlike platform van blogs en episodes met interessante mense.

Maandag gesels sy met Jean de Villiers oor teleurstellings, sowel as sukses in sport. Jy wil dit nie misloop nie.

Onthou om na die 1ste Episode van Pêrelkind te gaan kyk op www.paarl.tv

Registreer een keer en kyk gratis! Pêrelkind se episodes word Maandae om 19h00 vrygestel.

Volg die hele reeks net op PaarlTV.

Episodes kan enige tyd op enige plek weer gekyk word.

Ons is trots op die Smitte!



ONTHOU JOU MASKER!

Ons nooi jou nederig om maskers tydens die eredienste te dra. Ons almal reageer fisies en emosioneel verskillend op die virus. Miskien het jy die virus opgedoen, ken iemand geaffekteer of wat self gesterf het. Ons wil graag 'n goeie reputasie van wetsgehoorsaamheid nakom omdat ons veral onder die vergroot glas geplaas word as kerk van Christus. Indien jy jou masker vergeet, verkoop ons maskers in die voorportaal teen R15, jy kan later met die kantoor reg maak. Dankie dat jy verstaan en positief is in die verband.



PINKSTER DATUMS VERANDER

Ons Pinkster skuif met 'n week aan!


Die datums skuif na **23 Mei tot 27 Mei** en vind plaas in die boonste kerkzaal.

Kinder Pinkster sal ook hierdie jaar weer plaasvind in die konsistorie. Kyk uit vir meer inligting!

Ons sien uit om weer Pinkster saam te vier!

13 PIEKE UITDAGING!

Op 21 Mei 2021 hardloop Toringkerk se draf legende die 13 Pieke uitdaging op Tafelberg. Conrad Muller sal 6000 m hoog klim oor 'n 100 km afstand. Conrad daag jou uit om 'n kospakkie vir die Diep en Vêr projek te borg sou hy die uitdaging suksesvol slaag. Een kospakkie kos R250 en help Toringkerk om plaaslik 'n verskil in die gemeenskap te maak. Gaan loer gerus na die webtuiste: <https://13peaks.co.za/> Paarlberg het ongeveer 'n hoogte van 450m, Conrad beplan om 6000m te doen! Motiveer Conrad deur 'n kospakkie te borg!



WINTER IS OP PAD!

Die winter is om die draai en dan is die nagte bitter koud, soos ons almal weet.

Daar is verskeie persone in ons Paarl gemeenskap wat op straat woon en nie altyd toegang het tot 'n warm kombers nie. Indien jy 'n lekker warm kombers sou wou skenk, is jy welkom om dit by die kantoor af te laai tussen 09:00 en 13:00 op weekdae, of op Sondag voor of na die erediens by een van die leraars.



GEBEDSVERSOEKE

- Ons bid vir **Ayanke Stander** wat volgende week met 8 weke chemo sessies begin. Ons as geloofsfamilie bid vir jou, Ayanke asook jou gesin! "Ek is tot alles in staat deur Hom wat my krag gee!" Fil 4:13. #GIRLPOWER #FIGHTER

- Ons bid ook nou al dat God die **Pinkster** tydperk sal gebruik om koningkryk in ons dorp en lewens te laat kom. Stuur 'n boodskap na die TK Selfoon, indien jy wil deel wees van hierdie span.

Laat weet asb die kantoor van enige gebedsversoeke of siekte besoeke. Ons wil graag by jou uitkom en is nie altyd bewus as iemand deur 'n moeilike tyd gaan nie.

REGISTREER VIR INENTING

Ons herinner graag almal wat 60 jaar en ouer is, om te registreer vir die inenting teen Covid. (herinner).

Tik die volgende skakel in op die internet:
<https://vaccine.enroll.health.gov.za/#/>



Ons vat hande met die organisasie "Network for Christ" hier in die Paarl. Ons is dankbaar vir organisasies soos hierdie wat nie net die nood van ons mede-mens raaksien nie, maar wat ook verder betrokke is in hierdie mense se lewens, ten opsigte van bemagtiging en verdere ondersteuning.

DIEP & VÊR



Ons word geseën, om weer ander te kan seën.

RAAK BETROKKE:

- Borg 'n kospakkie vir R250.
- Bid vir hierdie beweging.
- Raak betrokke deur kospakkies op 'n maandelikse basis te pak.

Kontak vir Janneke vir meer inligting.



Dagboek DIE DATUM



3
MEI

SKOLE HEROPEN

Kwartaal 2



9
MEI

POPPEKASDIENS
+ MOEDERSDAG

Gesinserediens | 09:30



13
MEI

HEMELVAART

Erediens | 19:00



16
MEI

PINKSTER

23 - 30 Mei

Hou die afkondigings en sosiale media dop vir meer inliging.
BID . SIEN . DEEL

VEELS GELUK, RYNO

Dankie vir die mens wat jy is en wat jy als vir Toringkerk en die mense om jou beteken. Jou toewyding en harde werk in die gemeente en gemeenskap is vir ons n voorbeeld. Ons is dankbaar vir jou vermoë om oplossingsgerig te werk en detail raak te sien. Jou hart vir mense en geregtigheid is vir ons inspirerend.

Mag jy ervaar dat die Here jou naby is en aan jou Sy vrede en vreugde gee in hierdie nuwe lewensjaar.



HAM - WINTER SKOENDOOS-PROJEK

Daar is tans 12 dogters en 1 huismoeder vir wie ons graag skoendose wil opmaak en aflewer - betyds vir Huis Andrew Murray se Winter Wit Kersfees Partytjie!

Ons benodig nog 4 gemeentede om skoendose te pak.

Indien jy graag 'n boks wil pak vir een van hierdie dogters, kontak gerus vir Janneke.

VEELS GELUK!

25/04 Carla Smit	28/04 Annette du Plessis
26/04 Marianna Borman	28/04 Margaretha Groenewald
26/04 Ursula du Toit	28/04 Elsie Steyn
26/04 Annene Kloppers	29/04 Herman Fourie
26/04 Comarie Lategan	30/04 Adelé de Kock
26/04 Corneels van Wyk	30/04 Nitya Naidoo
27/04 Ryno Els	30/04 Eben Odendaal
27/04 Hentie Fourie	30/04 Kenley Perold
27/04 Christine Goslett	30/04 Lucas van Zyl
28/04 Branden Buhrs	01/05 Leana Gerber



GEMEENTE-TUIN-ETE!

Voor die winter ons ten volle tref, wil ons graag 'n lekker gemeente ete-in-die-kerktuin hou!

Sondag, 9 Mei, 17h00

Hou solank hierdie datum en tyd in jou dagboek oop. Kinders is baie welkom!

Bespreek solank jou plek by die kantoor.



"KINDERLIK" OPGEWONDE!

Ons is opgewonde dat ons Kinderkleingroepe weer 16 Mei sal oopmaak in die kerksaal!

Hou die afkondigings dop vir verdere inligting hieroor.

Kontak gerus vir Janneke indien jy sou kon uithelp om 'n kleingroepleier vir een van die groepies te wees.

LASAGNA!

Vir die eerste aand (24 Mei) van Pinkster, gaan ons as familie lekker saam eet.

Ons voel dat daar 'n lekker lasagna deel van hierdie feesmaal moet wees. Kan jy dalk 'n lekker lasagna bak? Deel jou gawes met die res van die gemeente!

Indien jy kans sien om een lasagna te bak, kontak gerus vir Jana.



GESONDE GEDAGTES

DEUR JACO STRYDOM



WANNEER OM TE REBELLEER EN WANNEER OM DIT 'KORT TE KNIP' (UITTREKSEL UIT "CONFESSIONS OOR KERKWEES")

Nog nooit in die geskiedenis was die kerk so ryk aan eiendom, mannekrag, geld, vaardighede, ervaring, kommunikasiemiddele en inligting nie. Ook hier in Suid-Afrika. Tog lyk dit nie of dit beter gaan op die plekke met die meeste kerke nie.

Jy kan nie glo dat daar byvoorbeeld in n land met soveel vredemakers so min vrede is nie. Ek was nou die dag op n dorp met meer kerke as straatkinders(Paarl?)- en steeds is die kinders op straat. Dit maak nie sin nie. Is elke Christen se huis nie veronderstel om n plek van hoop te wees nie.

Alles is nie reg nie en ons mag nie stilbly daaroor nie. Ons moet rebelleer!

Die hele Reformasie was in n sekere sin n rebellie. Dinge in die kerk moes eenvoudig verander. Dalk is dit weer sulke tyd.

Die laaste ruk het ek egter bewus geword van n vreemde balans in die Nuwe Testament. Deel van ons profetiese roeping as Christene is om dapper op te staan en ons uit te spreek teen dinge wat verkkeerd is, al maak dit ons ongewild.

Jesus het die godsdienstige leiers dikwels sommer in die openbaar aangevat. Hy het openlik gerebelleer teen byvoorbeeld handel dryf by die tempel en die liefdeloosheid van die Fariseërs. Hy het n groter probleem gehad met die godsdienstige leiers as met die tollenaars, losbandiges, dronkaards en ander "sondaars" van sy tyd. Dit het hom met tye uiters ongewild gemaak. Ons word duidelik nie geroep om 'people pleasers' te wees nie.

Ek loop deesdae oral passievolle jong "rebelle" raak wat ontsteld is oor die regte goed. Hulle beweeg egter dikwels so ver van die hoofstroom godsdienstige bewegings af dat hulle stemme eenvoudig nooit gehoor word nie. Ek hoor byvoorbeeld toenemend van teologiestudente wat wil ophou swot en die kerk wil verlaat. Dikwels met goeie motiewe en geldige frustasies. As ek dit hoor, kry ek n oorweldigende gevoel van:

Die kerk het juis hierdie mense nodig.



25 APRIL 2021

TORINGKERK

nuus

TORINGKERK ZAPPER



BID | SIEN | DEEL

OFFERGAWES, MAANDELIKSE BYDRAE EN TIENDES:



OFFERGAWES, MAANDELIKSE
BYDRAE EN TIENDES:

TORINGKERK
ABSA
TAKKODE: 632 005
REK NR: 400 590 176

MAAK KONTAK MET ONS

AS JY MET 'N LERAAR WIL GESELS, KONTAK ONS GERUS.

LERAARS

Jana van den Munckhof | 083 948 4233 | jana@toringkerk.co.za

Ryno Els | 083 610 1641 | ryno@toringkerk.co.za

JEUG/MAATSKAPLIK

Janneke Marais | 082 831 6165 | janneke@toringkerk.co.za

KANTOOR

Annelie Koegelenberg | 021 872 6730 | info@toringkerk.co.za

ORRELIS

Mario Nell | 082 852 4536 | marionell2@gmail.com

KOSTER

Neels Visser | 082 740 7353 | neels@toringkerk.co.za

TENTMAKER

Dawfre Theron | 082 899 3959 | dawfre@fhbc.co.za